# Kollig Light


**Lees Binne:**

- Nuwe Redaksie
- Kollig Redaksie soek hulp
- COVID inenting
- Twee BK Verslae
- Klubnuus

## *VIOLIS SE GLIMLAG KIKKER GEHOOR OP*

***S***o aan die vooraand van Moedersdag het ons hier op Kokanje 'n skeut jeugdige energie ervaar wat mens met lekkerkry gevul het….en haar glimlag van geluksaligheid, terwyl sy en haar viool saamsmelt in 'n eenheid wat mildelik vreugde, geluk en positiewe energie uitgestraal het, sal nog lank by mens bly! Dit was Vrydagaand 7 Mei se lekkerte.

Ek kon die hele naweek op violis Lizelle le Roux se positiewe energie teer. Dit was veral daardie glimlag wat aan my bly knaag het. Op my rekenaar;….en ek "Google" haar. Jip! Lizelle en haar viool en daardie geluksalige glimlag is 'n eenheid ….maar daardie glimlag…. Waar het ek dit al gesien? En toe tref dit my!

Jare gelede is ek en 'n vriendin Nederland toe om Andre Rieu se konsert in Maastricht te ervaar. Wat 'n belewenis was dit nie!!! En van toe af is ek 'n Andre Rieu-aanhanger en daardie glimlag van geluksaligheid terwyl hy speel bly betowerend…. nes die glimlag van Lizelle le Roux.

Dalk is daar ook hierin vir ons 'n les te leer – doen wat jou gelukkig maak….en dan kom die glimlag vanself!

**Amanda Olivier**

***Maar wie is Lizelle le Roux?***

Sy begin met vioollesse op die ouderdom van ses jaar oud. Sy wen die strykersafdelings van beide die *Trustbank* en *Oude Meesters* Nasionale kompetisies en word as die algehele wenner van die *ATKV Prelude* kompetisie aangewys.

Lizelle gaan studeer aan die Universiteit van Pretoria en verwerf haar BMus en BMus (Honns) grade met lof. Sy verower 'n *Royal Schools of Music* beurs en sit haar meestergraadstudies voort aan die *Royal Scottish Academy* vir musiek en drama in Glasgow, Skotland, waar sy dan ook die *Governors Recital* en *Eric Brown* musiekpryse vir uitstaande musikale uitvoerings wen . Sy verwerf die *UNISA* en *Royal Shools* uitvoerende kuns- en onderwyslisensiate ook met lof.

Sy tree op as solis saam met die *Johannesburg- KZN– en BBC* simfonieorkeste en toer as deel van 'n ensemble deur Nederland, Frankryk, die Ierse Republiek, Engeland en Wallis. Sy word uitgenooi as viooldosent na die uitvoerende kunstekamp in Tanglewood, VSA.

Sedert 2005 is Lizelle deel van *ECLIPSE*. Drie van hulle vier CD's behaal goue verkoopstatus.

Sy is ook betrokke by *Afrikaans– en Classics is Groot* en is ook 'n gewilde ateljeekunstenaar vir filmproduksies, advertensies en CD-opnames.

In 2019 stel Lizelle haar eerste solo instrumentale CD *"JOY"* vry en verower dan ook 'n *GHOEMA-t*oekenning vir die Beste Instrumentale Album daarmee.



Sy verwerf haar LLB en LLM grade en wanneer sy nie musiek maak nie, is sy 'n dosent in die Regte aan die Universiteit van Pretoria.

**Jeanette Pienaar**

# REDAKSIONEEL

Kollig kom al ’n lang pad (weet iemand hoe lank?) en het ’n trotse geskiedenis, met ’n paar gesogte prestasietoekennings en al.

Daar word gesê dat veral ouer persone nie juis van verandering hou nie; maar vir ons is dit onvermydelik en soms is dit wenslik.

Die Kollighuishouding gaan tans deur so ’n veranderingsfase en dit is wenslik en billik dat ons lesers daarvan kennis neem, omdat dié veranderinge ons lesers raak. Hier volg die aanpassings en die redes daarvoor:

*BK-RIGLYN*

Die BK het besluit dat Kollig hoofsaaklik ***“deur Kokanje, oor Kokanje en vir Kokanje”*** saamgestel en befonds moet word. Die Redaksiekomitee  se verstaan hiervan, is dat inwoners indirek vir die druk van Kollig betaal en dat bydraes wat van ’n bron buite Kokanje afkomstig is, dikwels nie billik en sinvol is nie. Die fokus moet dus wees op inligting wat die meeste inwoners wil hê – inligting wat nie maklik elders bekom kan word nie. Die keuring van bydraes vir plasing in Kollig sal dus nou anders geskied as in die onlangse verlede. Konstruktiewe bydraes oor Kokanje, sy mense en aktiwiteite sal welkom wees, veral as dit van belang vir ons lesers is.




*REDAKTEUR EN REDAKSIE*

’n Nuwe redakteur beteken ’n nuwe stel vermoëns en beperkings. Kokanje was in die verlede geseënd met uitsonderlik toegewyde, hardwerkende redakteurs. Die nuwe redakteur, Fanie Pretorius, se voorkeur is om binne ’n organisasiestruktuur te werk waar die vermoëns en belange van gewillige helpers (“personeel”) ten beste beplan en benut kan word. ’n Meer formele redaksiestruktuur wat uit die volgende vyf, grootliks outonoom bestuurde eenhede bestaan, het dus na onderlinge oorlegpleging tot stand gekom:

*Inhoud : (Adjunkredakteur: Amanda Olivier):* Verantwoordelik vir die keuring van materiaal wat vir publikasie voorgelê word en die skryf of verkryging van addisionele materiaal wat nodig mag wees. Handhaaf balans op al die terreine wat ter sprake mag wees (taal, ens.).

*Produksie (Adjunkredakteur: Vakant):* Verantwoordelik vir tikwerk, taalversorging, vertaling, fotografie, bladuitleg en drukwerk.

*Logistiek (Afdelingshoof: Marinda van der Westhuizen):* Verantwoordelik vir Advertensies en verspreiding.

*Ontwikkeling (Afdelingshoof: Pieter Matthyser):* Verantwoordelik vir navorsing en ontleding van die behoeftes van die teikengroep. Vernuwing en uitbreiding van prosesse wat verbeter kan word. Ontwikkeling van ’n digitale weergawe van Kollig wat via die Internet gelees kan word.

*Finansies (Hoof van Finansies: Marion Moir):* Beheer oor kontantvloei asook finansiële beplanning.

*REDAKSIEKOMITEE*

Die hoofde van die afdelings wat hierbo genoem word, vorm saam met die redakteur ’n redaksionele bestuur (of “Redaksiekomitee”). Elke afdeling formuleer sy eie doelstellings en norme en sodra dit deur die Redaksiekomitee goedgekeur word, werk elke afdeling grootliks outonoom binne die goedgekeurde raamwerk. Elke afdeling werf ook sy eie “personeel” en sorg self vir die nodige opleiding.

*ONTWIKKELING*

In die lig van voortdurende wêreldwye tegnologiese vordering ontstaan daar geurig moontlikhede om slimmer, makliker en goedkoper te werk te gaan en daarby ook nog die moontlikheid om ’n beter produk te lewer.

Die programmatuur wat tans gebruik word om Kollig gereed te kry vir die drukproses is relatief moeilik om te gebruik in vergelyking met moderne programmatuur. Moontlikhede in hierdie verband word tans ondersoek.

Die daarstelling van ’n parallelle digitale Kollig (via die Internet) hou die moontlikheid in van verskeie voordele vir beide Kokanje en Kolliglesers. Een van die belangrikste voordele mag laer drukkoste wees. Dit word tans ondersoek. Inwoners word opnuut daarvan verseker dat papier- en telefoonkommunikasiekanale, steeds beskikbaar sal bly.

Programmatuur is deesdae beskikbaar wat digitale teks in beide Afrikaans en Engels voorlees teen ’n heel bekostigbare tarief. Dit kan ’n groot

voordeel inhou vir swaksiendes en blindes.

As ’n mens met mense te doen het, is dit onmoontlik om almal ten volle tevrede te stel. Dit is selfs waar van ’n gesin van vyf. Van ons lesers vra ons dus eerstens geduld terwyl ons ons voete probeer vind – maar die tweede versoek wat nog belangriker is: Moet asseblief nie huiwer om te sê waarvan julle hou en waarvan nie. Ons smeer salf aan en drink spesiale pille om dik velle teen kritiek te ontwikkel!

***DIE KOLLIGREDAKSIE HET HULP NODIG***

Die Redaksie is op soek na mense met kennis, vaardighede of selfs net ’n gesonde lus om “voltyds” of “af en toe” betrokke te wees by die volgende:

*NAVORSING EN ONTWIKKELING (BEIDE ADVISEURS EN DOENERS WORD BENODIG)*

Opnames en ontledings van die inligtings- en vermaakbehoeftes van die inwoners van Kokanje. Spesifiek daardie behoeftes waaraan ’n publikasie soos Kollig kan voldoen en aan behoort te voldoen.

Beplanning vir die optimale benutting van beide die papier- en digitale weergawes van Kollig, om aan inwoners se behoeftes te voldoen, asook die implementering van die planne wat so ontstaan.

Die optimale toewysing van fondse wat vir kommunikasie in Kokanje beskikbaar is aan verskillende vorms van kommunikasie – gegewe die feit dat inwoners se vaardigheid met digitale kommunikasie tans nog beperk is en vir die afsienbare toekoms steeds beperk sal bly.

Die wyse waarop inwoners met mobiliteits-, sig-, gehoor- en ander beperkings ten beste met ’n medium soos Kollig bereik en bedien kan word.

*JOERNALISTE EN SKRYWERS*

Inwoners wat wetenswaardighede oor Kokanje en al sy klubs, komitees en gebeure; asook oor Kokanje se inwoners, wil uitsnuffel en artikels daaroor wil skryf vir moontlike publikasie in Kollig.

Inwoners wat (dalk met behulp van die Internet) wetenswaardighede vanoor die hele wêreld wil naspoor oor effektiewe maniere om die kwaliteit van ouer persone se lewens te verbeter en op te vrolik: Hoe kan die bestuursliggame van Kokanje sulke inligting gebruik en hoe kan inwoners self hiervan gebruik maak? Sulke inligting sal moontlik oorgeskryf en verkort moet word vir publikasie, sodat inwoners dit sal wil lees en met gemak sal verstaan. Inwoners wat weet (en ander kan adviseer oor) wat om te publiseer en hoé om dit aan te bied, sodat swaarmoedigheid by lesers verlig sal word. Verskillende vorms van humor is hier ter sprake, maar daar is ook ruimte vir filosofiese en geestelike besinnings oor hoedat ’n mens jou eie swaarmoedigheid en bekommernisse kan teenwerk. Lesers kan ook via Kollig verwys word na spesifiek gekeurde YouTube- en ander klank- en videomateriaal.

*PRODUKSIEADVISEURS EN WERKERS*

Kollig benodig die dienste van inwoners wat vrywillig (gratis) wil help met die volgende funksies. Belangstellendes kan aandui of hulle omtrent altyd, dikwels of net soms (as afloswerkers) behulpsaam wil wees:

Tikwerk, taalversorging, proeflees, vertaling, fotografie, fotoverwerking, bladuitleg (met behulp van MS Publisher), onderhandeling en skakeling met die drukkers en voorbereiding van Kollig vir die Internet – beide vir rekenaars, rekenaar-tablette en slimfone.

*FINANSIES*

Bystand aan Kollig se rekenmeester/boekhouer – veral in die geval van haar moontlike afwesigheid.

*LOGISTIEK (BYSTANDHELPERS WORD BENODIG)*

Werf van advertensies en skakel met adverteerders. Die lewering van fakture vir advertensies wat geplaas is. Bereken die oplaag wat vir elke uitgawe van Kollig gedruk moet word. Versprei die gedrukte Kollig aan inwoners, personeel en adverteerders.

*WAT DOEN EK NOU?*

Belangstellendes kan hulle naam, van, huisadres, selnommer en e-pos-adres aan die redakteur stuur by ***faniepret@gmail.com***. Vir telefoniese of WhatsApp navrae: 082 551 5615.

**Voeg daarby:** ’n Kort beskrywing van die taak of onderwerp waarby jy graag betrokke wil raak. Voorbeelde: sielkundige, ervare joernalis, junior kommunikasiekundige, outeur, tikster, senior proefleser, leerling bladuitlegkunstenaar, hoof taalkundige, internetkenner... asook enige ander inligting wat van waarde mag wees. Jou inligting sal deur die Redaksiekomitee as vertroulik hanteer word.

**As jy reeds voorheen op die Kolligredaksie gedien het:** Doen asseblief weer “aansoek”.

CREATIVE HAIR
UNISEX
HAIRSTYLIST


**Spesiale pensionaris aanbod!**

Kleur (kort) R250

Sny en blaas R245

Perm R350

Mans sny R60








## *NUUT OP DIE WERF*

Hartlik welkom aan die nuwe inwoners wat die regte besluit geneem het om op Kokanje te kom aftree. Ons vertrou dat julle baie gelukkig gaan wees. Ongelukkig veroorsaak Kiem Covid dat julle nog nie 100% die gulhartigheid van die inwoners en die miernes van bedrywighede - eie aan Kokanje - kon ervaar nie. Maar ons weet mos, die wiel draai stadig maar seker en intussen pas ons maar aan by die sogenaamde nuwe normaal. Sonder twyfel het julle bure julle sekerlik al bederf!!

*Hier is ons nuwe vriende.*

| | | |
|---|---|---|
| Robert & Cheryl Currie | 45A | 15/04/2021 |
| Herman & Anne Kraay | 93D | 15/04/2021 |
| June Hamman | 47C | 30/04/2021 |
| Alan & Lynette McKendrick | 92F | 30/04/2021 |
| Wilna Uys | 96E | 15/05/2021 |
| Jasper & Alida van der Walt | 62F | 15/05/2021 |




## *ON A SAD NOTE...*

It is with great sadness that we note the passing of our fellow neighbours, friends and family members in Kokanje. We shall miss them. May God bless and comfort those that are left behind.

| | | |
|---|---|---|
| Nico Robbertse | 50E | 16/04/2021 |
| Trudie Greeff | 32E | 21/04/2021 |
| Neil Dowes | 49C | 26/04/2021 |
| Susan Hugo | 67C | 08/05/2021 |
| Ria Magro | 71B | 14/05/2021 |
| Suzie Botha | 17C | 18/05/2021 |
| Ansie Fourie | 59E | 19/05/2021 |
| Leon Rossouw | 78B | 21/05/2021 |
| Ogies Steytler | KE | 23/05/2021 |

***It was brought to our attention that Kollig did not publish the death of Dirk Brits till date. Kollig hereby sincerely apologises for this mistake.***

| | | |
|---|---|---|
| Dirk Brits | 6B | 14/01/2021 |

**SKOONMAAK VAN:**
**MATTE**
**SITKAMERSTELLE**
**EETKAMERSTELLE**
**VOERTUIG SITPLEKKE**
**ENIGE STOFFERING**

**GOU DROOG, EIENAAR TOESIG.**
**14 J DIENS**
**DERRICK 0825397168**

Waterberg Quickdry

# *UIT DIE BESTUURSKOMITEE (April 2021)*

Op 28 April 2021 het die Bestuurskomitee hul maandelikse vergadering gehou. Die keer is vier nuutverkose direkteure verwelkom. Hulle is Charl Stander, Liz Halewijn (herverkies), Jan Delport en Ben du Plessis. Daar het reeds 'n oriënteringssessie vir direkteure op 15 April plaasgevind.

Die advieskomitees het reeds vergader en die onderskeie komitees se reglemente word tans gestandardiseer na aanleiding van 'n konsep raamwerk voordat dit vir goedkeuring na die Bestuurskomitee verwys word. Bkl Jan Delport behartig van nou af die Riskom advieskomitee wat, onder andere, risiko's monitor en veiligheid as 'n funksie monitor.

*PERSONEEL*

Die Uitvoerende Bestuurder het verslag gedoen dat Pulanie Thejane as Ondersteuningsdiensbestuurder diens aanvaar het. Die Kokanjebestuurspan het hul 2021/22 risiko-analise opgestel en aan Riskom (Risiko-komitee) deurgegee. Nadat agt direkteure hulp verleen het met die identifisering van 'n geskikte terrein vir die oprigting van twee personeelwonings het die projek op 12 April 'n aanvang geneem. Geen inwonersklagte ten opsite van hierdie projek is deur die Uitvoerende Bestuurder ontvang nie.

*VOEDSELDIENS*

Vanaf 3 Mei 2021 word etenstye weer herstel soos voor Covid-19: 11:30 tot 13:00. Meer tafels en stoele sal beskikbaar gestel word.

*FINANSIES*

Kokanje se finansiële posisie bly kerngesond. Daar word streng by die begroting gehou. Enkele buitengewone spanderings as gevolg van Covid-19 was noodsaaklik. Dit het met goedkeuring van die Bestuurskomitee, na aanbeveling deur die Finansiële Komitee, plaasgevind.



Reënboog oor Kokanje - Dries de Jager

*TEGNIES*

Daar is begin om foutiewe watermeters te identifiseer en te herstel. 'n Waterfiskaal gaan aangestel word wat deur die Kokanje gaan beweeg om onwettige waterverbruik per verslag aan die Uitvoerende Bestuurder te rapporteer. Die nodige optrede sal volg en die oordreëls sal gevolg word om onwettige waterverbruik aan te spreek.

*DIEFSTAL IN KOKANJE*

Die Bestuurskomitee herinner inwoners daaraan dat daar 'n fluitjieblaserbeleid in plek is en vra dat diefstal (deur enige persoon) en ongerymdhede aangemeld word sodat werk daarvan gemaak kan word. By die Versorgingseenheid (KE) is 'n kennisgewing geplaas wat vra dat inwoners moet help om 'n gholfkarwieletjie op te spoor: 'n Gholfkar van die KE se wiel met 'n nuwe band daarop is "vervang" met 'n wiel waarvan die band verslete is. Indien iemand iets hiervan weet, tree asseblief met die Uitvoerende Bestuurder in verbinding.

*RISKOM*

Kokanje se missie is die verskaffing van volledige woon- en sorgfasiliteite vir afgetrede persone en 'n bekostigbare, rustige, veilige en sorgsame verblyf in 'n Bosveldomgewing.

Die bestuur van Kokanje is verbind tot proaktiewe risikobestuur in die nastrewe hiervan. Risiko kan eenvoudig beskryf word as 'n onsekerheid wat die bereiking van hierdie doelwit sal beïnvloed, positief of negatief. Die oorhoofse doelwit van die Risikoportefeulje, ondersteun deur die Risikoadvieskomitee (RisKom) is om geleenthede sowel as gevare te identifiseer. Dit sal bestuur in staat stel om voortydig stappe te neem om geleenthede te benut en gevare te vermy of te bestuur.

**Johan du Plessis**

Ondervoorsitter: Bestuurskomitee

**_Bydraes_**

Stuur asseblief *artikels, rubriek-bydraes. foto's en briewe digitaal aan die Adjunkredakteur: Inhoud by* amandaolivier07@gmail.com.

Geskrewe of getikte bydraes kan per hand in die Kollig-mandjie onder die posvakkies in die administrasiegebou geplaas word.

# *FROM THE MANAGEMENT COMMITTEE (April 2021)*

The Management Committee held their monthly meeting on 28 April 2021. Four new directors were welcomed. They are Charl Stander, Liz Halewijn, Jan Delport and Ben du Plessis. An orientation session was held for Directors on 15 April.

All the advisory committees have met and the respective committees' rules are currently being revised according to a draft framework, before being referred to the Management Committee for approval. MCM Jan Delport manages the new Riskom advisory committee.

*STAFF*

The Executive Manager reported that Pulanie Thejane accepted the position as a Support Service Manager. The Kokanje management team compiled their 2021/22 risk analysis and passed it on to Riskom (risk committee). After eight directors assisted in identifying a suitable site for the construction of two staff dwellings, the project commenced on 12 April. No resident complaints regarding this project have been received by the Executive Manager.

*FOOD SERVICE*

From 3 May 2021 dining room lunch times are moved back to before Covid-19 i.e. 11:30 to 13:00. More tables and chairs will be made available in the dining room.

*FINANCE*

The resort's finances remain in a strong position. The budget is strictly adhered to. Some extraordinary payments due to Covid-19 were essential. Payments were recommended by the Finance Committee prior to approval being received from the Management Committee .

*TECHNICAL*

A task team has started to identify and repair faulty water meters. A Water Bailiff will be appointed to report illegal water consumption in the Resort to the Executive Manager. Resort rules will be followed to address illegal water usage and any necessary action will be taken.



**Rusplek in die bos - Marita Beneke**

*THEFT IN KOKANJE*

The Management Committee reminds each resident that there is a whistle blower policy in place and asks that any theft be reported so the matter can be investigated. At the Care Centre, a notice was put up calling on residents for assistance in locating a new tyre which was swapped with an old worn-out tyre from one of the Centre's golf carts. If anyone knows anything about this, please contact the Executive Manager.

*RISKOM*

Kokanje's mission is to provide complete living and care facilities for retired persons for an affordable, peaceful, safe and caring stay in a Bushveld area.

The management of Kokanje is committed to proactive risk management in pursuit of this. Risk can simply be described as an uncertainty that will affect the attainment of this goal, positively or negatively. The overall objective of the Risk Portfolio supported by the Risk Advisory Committee (RisKom) is to identify opportunities as well as dangers, which will enable management to seize opportunities and avoid or manage hazards.

**Contributions**

Articles, photos and letters can be submitted digitally to the Deputy Editor: Content at amandaolivier07@gmail.com.
Written or typed contributions can be placed in the Kollig tray under the mailboxes in the administration building.

**MSJ Auto (Pty) LTD**
info@msjauto.co.za
**Tel: 0662852928**
47 Joe Slovo Avenue Modimolle
*Lubrication service from R 990.00*

# GESONDHEID en WELSTAND

***COVID-19 IN KOKANJE: IS DIE ENTSTOF ONS ANTWOORD?***

(Opsomming van praatjie deur prof. Alta van Dyk vir ABBA/SORGKOM)


Die afgelope jaar was vir baie van ons 'n jaar van eensaamheid, depressie en hartseer. 'n Jaar van inperking waarin ons familie-, geestelike- en sosiale lewe omvergewerp is. Ons wil net weer ons lewe terug hê soos dit voor Covid-19 was. 'n Entstof teen Covid-19 is waarskynlik ons enigste en beste opsie om weer in 'n mate na normaliteit terug te keer. Maar wat weet ons van die Covid-19 entstof?

*WAT IS 'N ENTSTOF?*

'n Entstof 'leer' die liggaam om toekomstige infeksies te herken en daarteen te veg, sonder dat 'n mens siek word. In die geval van die Covid-19 entstof, word 'n klein, onskadelike stukkie van die virus (die 'spike'-proteïen wat op die oppervlak van die virus voorkom) aan die liggaam bekend gestel. Die immuunsisteem herken die proteïen as 'n vreemde indringer, en begin dadelik om vegter-T-selle, teenliggame en geheueselle te maak – sonder dat jy siek word. Sou die werklike Covid-19 virus die liggaam binneval op 'n latere stadium, is daar reeds vegter-T-selle en teenliggame beskikbaar om teen die virus te veg en dit te vernietig.

*HOE WERK DIE COVID-19 ENTSTOF?*

Beide Johnson & Johnson asook Pfizer entstowwe stuur vir die liggaam instruksies oor hoe om die 'spike'-proteïen self te maak en op die liggaamselle se oppervlak te vertoon en sodoende die immuunsisteem tot aksie te laat oorgaan. Johnson & Johnson gebruik 'n vektor (taxi) om dié genetiese instruksies oor te dra, terwyl Pfizer mRNA gebruik. Die genetiese instruksies gaan NIE in die kern van ons selle in nie, word vernietig sodra die immuunsisteem die boodskap gekry het en kan op geen manier ons DNA verander nie. Stories wat hieroor in omloop is op sosiale media getuig van uiterste onkunde oor hoe entstowwe werk. Die entstof kan ook NIE die Covid-19-siekte veroorsaak nie want dit bevat nie 'n heel virus nie, maar wel die instruksies om 'n onskadelike proteïen te vervaardig.



*HOE EFFEKTIEF IS DIE ENTSTOF?*

Al die entstowwe beskerm die longe en beskerm ons teen ernstige siekte, hospitalisasie en dood. Dit beskerm ons egter nie 100% daarteen om Covid-19 op te doen nie. Johnson & Johnson is ongeveer 64% effektief om ons huidige variant te voorkom en 85% effektief om ernstige simptome en dood te voorkom. Ons moet daarom steeds *na* inenting maskers dra, hande was, groot groepe mense vermy en vertrekke goed ventileer.

*HOE LANK VOORDAT EK IMMUNITEIT HET NA DIE INENTING?*

Dit neem twee tot drie weke vir die immuunsisteem om immuniteit teen die virus op te bou. 'n Mens kan daarom steeds in hierdie tyd Covid-19 opdoen. Alle veiligheidsmaatreëls moet daarom steeds gevolg word.

*WATSE NEWE-EFFEKTE KAN EK VERWAG?*

Newe-effekte soos pyn, rooiheid, swelling by die inentingarea, moegheid, hoofpyn, spierpyn, koors, kouekoors en naarheid kan voorkom. Dit is 'n teken dat die immuunsisteem besig is om 'n immuun-respons op te bou. Simptome begin gewoonlik ongeveer ses ure na inenting en kan tot drie dae aanhou.

*WAT VAN ERNSTIGE NAGEVOLGE SOOS BLOEDKLONTE?*

Allergieë en ernstige nagevolge van die Covid-19 entstof is uiters skaars. Data uit Amerika en Europa wys dat een uit 'n miljoen mense bloedklonte ontwikkel het na inenting met J&J en vier uit 'n miljoen nadat hulle Pfizer ontvang het. Hierteenoor sterf 1 800 mense uit 'n miljoen van die populasie in Suid-Afrika aan Covid-19, terwyl 30 uit 'n miljoen sterf van bloedklonte wat deur Covid-19 veroorsaak word (gebaseer op MNR data wat 70% van oormatige sterftes insluit). Die risiko vir bloedklonte na inenting is dus baie klein. Die entstofverwante bloedklonte word tans deeglik nagevors, maar wat ons reeds

weet is dat hierdie bloedklonte heeltemal anders is as die bloedklonte wat deur Covid-19 veroorsaak word, en ook anders is as gewone bloedklonte. Dit gaan byvoorbeeld gepaard met LAE bloedplaatjies en bloeding. Gevaartekens is ernstige, onhoudbare hoofpyn en maagpyn wat onmiddellike mediese aandag verg.

*KAN MENSE MET ERNSTIGE ONDERLIGGENDE TOESTANDE DIE COVID-19 ENTSTOF ONTVANG?*

Daar is op die oomblik geen lys van siektes of medikasie wat die neem van die entstof uitsluit nie. Dit is egter wel belangrik om 'n volledige mediese geskiedenis vir die persoon wat die entstof toedien, te gee. As jy onseker is, praat gerus met jou geneesheer, of vra die geneesheer om jou in te ent. Die voordele van die entstof is oneindig groter as die klein risiko wat dit moontlik kan inhou.

*MOET EK STEEDS DIE ENTSTOF ONTVANG AS EK REEDS COVID-19 GEHAD HET?*

Ja. Dit lyk op hierdie stadium of teenliggame wat deur die liggaam gemaak is na natuurlike Covid-19-infeksie, slegs ongeveer ses maande hou. Die entstof word ook heeltyd aangepas om voorsiening te maak vir nuwe variante van die virus. As jy byvoorbeeld verlede jaar Covid-19 gehad het, is jy beslis nie immuun teen die nuwe SA variant (B1.351) nie. Dit lyk ook of die entstof 'n sterker teenliggaamrespons lewer as natuurlike infeksie.

*EK KRY TANS KANKERBEHANDELING. KAN EK DIE ENTSTOF ONTVANG?*

Die Kankervereniging van Suid-Afrika (CANSA) het in Februarie 2021 riglyne uitgereik wat aanbeveel dat mense met kanker as prioriteitsgroep vir inenting gesien word. Pasiënte wat tans chemoterapie of bestraling kry, kan ook ingeënt word, maar mense wat stamseloorplantings of sellulêre terapie in die laaste drie maande ontvang het, moet wag. mRNA-entstof hou nie 'n risiko vir immuun-onderdrukte pasiënte in nie, maar as jy enigsins onseker voel, praat eers met jou onkoloog.

Vir hoe lank gaan ek beskerm wees nadat ek die inenting ontvang het?

Ons weet nog nie vir hoe lank die entstof ons gaan beskerm nie. Navorsers vermoed dat ons gereeld, dalk jaarliks, onderskragingsdosisse ('boosters'} sal moet ontvang wat ons teen nuwe variante van die virus beskerm.

*EK HET OP DIE OOMBLIK COVID-19. KAN EK DIE ENTSTOF ONTVANG?*

Nee. Mense met Covid-19 simptome moet wag tot hulle gesond en uit isolasie is voordat hulle ingeënt kan word. Mense met Covid-19 wat asimptomaties is (geen simptome) moet ook wag totdat hulle uit isolasie is.

Is die entstof ons antwoord? Die entstof is ons enigste opsie. Ek sluit af met die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) se stelling: "Nobody is safe untill everybody is safe." Sterkte en wees asseblief veilig.




***WAT WEET ONS NOU, 'N JAAR LATER?***

*OPPERVLAKKE:* Die kans is klein (NIE onmoontlik nie) dat oppervlakke die virus kan oordra. Skoonmaak van oppervlakke met seep en water is voldoende. Wat belangriker is, is om HANDE TE WAS na kontak met oppervlakke, inkopies ens.

*GOEIE VENTILASIE:* Die virus is lugoordraagbaar ('airborne') en versprei deur mikroskopiese fyn sproei (aerosol) wat tot 30 m of verder kan trek (en in die lug bly hang) in 'n toe, ongeventileerde vertrek. Goeie ventilasie waar mense saamkom en ook in ons huise, is daarom uiters noodsaaklik. Maak die vensters oop dat daar 'n luggie trek.

*MASKERS:* Die neus is die hoof toegangsroete waardeur die virus in die liggaam inkom. Navorsers het gevind dat die selle in die neus uiters hoë vlakke ACE2-reseptore het waaraan die virus vasheg, die sel binnegaan en biljoene virusse vervaardig. Maskers moet daarom die NEUS EN MOND bedek om effektief te wees.

*HANDEWAS:* Die virus is met 'n vetlagie bedek wat vernietig word deur seep en warm water, asook deur 'n 70% alkoholsaniteerder. Handewas

# GESONDHEID en WELSTAND (vervolg)

bly dus ‘n goeie manier om die virus uit ons neuse, monde en oë te hou.

**NEEM KENNIS: DIE VINGERPRIKTOETS KAN NIE COVID-19 DIAGNOSEER NIE!**

Covid-19 kan SLEGS gediagnoseer word deur ‘n NEUSDEPPER te neem. Die vingerpriktoets (by Clicks beskikbaar) is ‘n TEENLIGGAAM-toets, dit wys of jy VOORHEEN met die virus geïnfekteer was (NIE of jy NOU is nie). Die vingerpriktoets kan eers gedoen word NADAT jy reeds van Covid-19 herstel het.

***Prof* Alta van Dyk**

***ISOLASIE TYDENS COVID-19 IN KOKANJE***


Covid-19 is hoofsaaklik ‘n lugoordraagbare (‘airborne’) siekte, met die virus wat in druppels en fyn sproei voorkom. Ons kom met baie mense in Kokanje in kontak wat moontlik die virus sou kon hê: In die eetsale en administrasiekantore, met werkers en kontrakteurs, asook tydens kuiertjies en vakansies saam met vriende en familie.

*AS U COVID-19 HET:*

- Kontak u huisdokter en die Bestuurder: Versorgingsdiens.
- Laat weet u bure/vriende/familie.
- “Naby-kontak” is kontak met mense wat nader as 1 m van u af was vir langer as 15 tot 30 min.
- Maak seker u het ’n genoegsame voorraad kos, toiletware, ens. Moet asseblief nie SELF apteek of winkels toe gaan nie.
- Kontak bure of Liza (Kokanje Kiosk) indien u hulp nodig het met aankope. Pick n Pay lewer af in Kokanje, teen R50.
- Moet gladnie by die bure/vriende kuier, of toelaat dat hulle by u kuier nie.
- Maak seker dat u die medikasie van die dokter/apteek ontvang en drink dit getrou.
- Sou u asemnood ontwikkel, kontak u dokter of Life24-ambulans sodat u na die naaste hospitaal vervoer kan word.

*ISOLASIE TUIS*

- Was gereeld u hande – druppelbesmetting.
- Maak seker dat as een persoon positief toets die gade in ‘n ander kamer tuis gaan.



- Wasgoed, skottelgoed, badkamergeriewe: gebruik warm water en seep om skoon te maak en maak seker dat alles apart gewas word.
- Onthou: Al die lede van ’n huishouding moet maskers dra wat die neus en mond bedek! (Die neus is die hoof toegangsroete vir die virus wat deur die lug versprei.)
- Geen besoekers. Ondersteuningsdienste sal ‘n isolasiebordjie by u voordeur aanbring.
- Alle wegdoenbare snesies, doeke, ens. moet dadelik weggegooi word – die sak moet gemerk word ‘Covid19 afval’.
- Neem u temperatuur daagliks en rapporteer dit aan die Bestuurder: Versorgingsdiens.
- Middagetes sal kosteloos afgelewer word.

*VERMOEDELIKE KONTAK MET COVID-19*

- Stel die Bestuurder: Versorgingsdiens/Ondersteuningsdiens dadelik in kennis.
- Kosaflewering sal gereël word.
- Vermy sosiale byeenkomste en bly tuis.
- Hou uself dop vir enige simptome wat binne 5-7 dae na aanraking kan voorkom.
- Indien u simptome het, kontak u huisdokter.
- Begin selfisolasie so vinnig as moontlik.
- Reëls soos bo (Isolasie tuis).

LET WEL: Geen nie-mediese personeel (bv. huishulp) mag by u werk in die tyd van isolasie nie.

**Sr Patricia Snyders**



**072 040 6133 Sr Pulane**
**076 091 0354 Sr Patricia**
**014 715 2030 Kokanje Skakelbord**
**014 715 2555 Kokanje Eenheid**

## *PITKOS*

*- Gielie Combrink*

***KLEIN OUDAGVREUGDES***

Voel jy soms asof daar niks is wat kleur aan jou oudag gee nie? Kyk 'n bietjie met nuwe oë na jouself vandag en verander die alledaagse na iets besonders. "Maar hoe?" Wat Viktor Frankl in `n Duitse konsentrasiekamp laat oorleef het was sy besluit: "*Hulle kan alles van my wegneem, behalwe om self my houding in enige gegewe omstandighede te kies.*" Dit is waarom hy uitgeroep het: "Yes to life, in spite of everything!". Kom ons leer ook om ten spyte van al die negatiewe in ons lewens, "JA vir die lewe" te sê.

Sê "JA" vir klein vreugdetjies in jou lewe. Watter klein vreugdes is daar? Jy het nog sintuie, dit is waarom jy kan lees wat ek skryf. Ons almal in Kokanje het kos om te eet en het klere om aan te trek. Daar is elektrisiteit as ek die skakelaar druk en ek het selfs`n stukkie tuin. Hier is`n versorgingsdiens wat ook vir my beskikbaar is. Ek het bure wat my kan bystaan en na wie ek kan uitreik. Ek kan ook `n lekkertjie of `n koppie koffie geniet en soms iets baie spesiaal. Ag en moenie van die ou middagslapie vergeet nie. Ek het `n Bybel wat my vertroos en bemoedig. Ek weet God is altyd daar – ook vir my! So kan ek aangaan om klein vreugdetjies op te noem. As ek met oë van waardering daarna kyk, kry dit vir my nuwe betekenis.

Onthou dat lig duisternis verdryf, so kan die klein vreugdetjies in jou gedagtes die donker van die onaangenaamhede verdryf. Agter elke skaduwee is daar `n lig. Soek die lig agter jou skaduwees deur nuwe waardering vir klein voorregte te kry.

Kyk met nuwe oë na jou alledaagse voorregte. Verander die alledaagse in besondere vreugdes. Soek daagliks na nog klein voorregte en maak van hulle jou vreugdes. Praat met ander daaroor. Maak dit deel van jou denk- en gebedspatroon. Sê vir jouself: "Ek is so bevoorreg!"

***Geniet die klein oudagvreugdetjies***

# *KOKANJE HIKING CLUB*

On the 7th of May the "Stapklub" went to a nearby farm called *KLEIN KUNKURRA.*

We arrived at 08:30 and had (our own) breakfast. The walk started shortly thereafter with a choice of 4 routes. The long route was 4,8 km and the shorter ones varied between 3,4 km to 4,3 km. The routes were well marked by Francois and his helpers. The start of the 2 longer routes were verrrry rocky and uuuphill. That got the heartbeats going into overdrive. Once on top, it was all plain sailing. There were a variety of trees. Game such as zebra, sable antelope and giraffes were spotted by some. Back at camp, about an hour-and-a-half later, the fires were started for a good old "braai", accompanied with a lot of chatting. Thanks to all who attended and we hope that you enjoyed it thoroughly. See you again at the next "stappies".

***Robert Marshall***

*The Hiking Club gathers every first Friday of every month, at the parking area in front of the main entrance to the admin building, at 07:30 in Winter and 06:30 in Summer.*




# *UIT DIE BESTUURSKOMITEE (Mei 2021)*

Die Bestuurskomitee het op 25 Mei 2021 vergader. Aandag is gegee aan bydraes deur Advieskomitees. Alle notules van die komitees is goedgekeur en enkele sake is verder bespreek.

*FINANSIES*

Ons finansiële posisie is gesond en 'n oorskot van R1 299 724 is aangeteken vir die periode tot die einde van April 2021. Daar is besluit om 'n voorlegging van Alan Gray te verkry sodat ander opsies vir beleggings ondersoek kan word. Volgende maand behoort ons meer inligting hieroor te hê.

*BEMARKING*

Ons bemarkingsafdeling is ook fluks aan die werk. Tot en met 17 Mei 2021 is lewensreg ten opsigte van 14 wooneenhede verkoop. Ses van hierdie eenhede se volle koopprys is reeds ontvang. Gedurende die volgende twee maande (Mei tot Julie 2021) sal nege eenhede betrek word. Daar is gemiddeld 3 wooneenhede per maand verkoop.

*WATERVERSLAG*

Tegkom se waterfiskaal, raadslid Ben du Plessis het 'n volledige waterverslag gelewer. Die boorgatsituasie word fyn dopgehou sodat ons genoegsame water het. Hy maan egter dat ons inwoners water spaarsaam moet gebruik sodat ons gedurende die lang droë wintermaande voldoende water kan hê. Interessante statistieke oor gemeterde water is aan die BK getoon. Die volgende statistiek laat mens dink en besef dat spaarsamige waterverbruik belangrik is. Vir April 2021 het 17 wonings tussen 20 Kl en 24 Kl water verbruik. *Tien wonings het meer as 40 Kl gebruik!* Onthou, water is DUUR EN SKAARS.

*HUISREËLS EN –REGULASIES*

Onthou asseblief dat geen heinings of afskortings sonder ***skriftelike toestemming*** van die Direksie opgerig mag word nie. Verder lees ons in die "Kokanje Huisreëls en Regulasies" dat gifstowwe oordeelkundig gebruik moet word sodat dit geen gevaar inhou vir die voëls en dierelewe in die Oord nie. U word versoek om weer die volledige Huisreëls en Regulasies te lees. Ja dit is dalk waar dat die inligtingstuk iewers in 'n boekrak of kas gebêre is nadat dit lank terug gelees is.

*RISIKOKOMITEE (RISKOM)*

Raadslid Jan Delport het 'n baie interessante bydrae oor Risikobestuur gelewer. Wat is Riskom se doelwit? Dit is om geleenthede sowel as gevare te **identifiseer** wat ons in staat sal stel om geleenthede te benut en gevare te vermy of te bestuur.

Ons glo en aanvaar dat risiko:

inherent deel van ons omgewing is

bestuurbaar is

saakmaak

nie ***net*** negatief is nie

elkeen se verantwoordelikheid is

proaktiewe benadering vereis.

Wetenskaplike ontleding stel die Bestuur in staat tot effektiewe bestuur. Interaktiewe uitruil van risiko-inligting is van kardinale belang. Dit sluit alle rolspelers in met die fokus op ons inwoners.

Groetend tot volgende maand.

***Johan du Plessis***
**Ondervoorsitter**



# *FROM THE MANAGEMENT COMMITTEE (May 2021)*

The Management Committee met on May 25, 2021. Submissions from advisory committees were attended to. All committee minutes were approved and some matters were discussed .

*FINANCE*

Our financial position is sound and a surplus of R1 299 724 was recorded for the period ending April 2021. It was decided to obtain investment advice from Alan Gray in order to explore other investment options. Next month we should have more detail on this.

*MARKETING*

Our marketing department is also very busy. Until 17 May 2021, living rights in respect of 14 dwellings has been sold. The full purchase price of six units had been received. During the next two months (May to July 2021), nine units will be occupied. An average of 3 units per month were sold.

*WATER REPORT*

Tegkom's water bayliff, Ben du Plessis, provided a complete water report. The borehole situation is closely monitored to ensure that we have sufficient water supply. However, he warns that our residents should use water sparingly in order to have sufficient water during the long dry winter months. Interesting statistics on metered water were shown to the MC. The following statistics make one think and realize that frugal water consumption is important. For April 2021, 17 homes consumed between 20 kl and 24 kl of water. ***Ten homes used more than 40 kl!*** Remember: water is EXPENSIVE AND SCARCE.

*HOUSE RULES AND REGULATIONS*

Please remember that no fences or partitions may be erected without the written permission of the Board. Furthermore, we read in the "Kokanje House Rules and Regulations" that poisons must be used responsibly in order not to pose a danger to the birds and animal life in the Resort. You are requested to again read the full "House Rules and Regulations". Yes, it may be true that this piece of information is stored somewhere in a bookshelf or cupboard, after being read just after you've moved into Kokanje.

*RISK COMMITTEE*

Board member Jan Delport gave an interesting presentation on Risk Management to the board. What is Riskom's purpose? It is to identify both opportunities and risks to enable us to take advantage of these opportunities and to avoid or manage risks.

We believe and accept that risk:

is an inherent part of our environment

is manageable

does matter

is not just negative

is everyone's responsibility


requires a proactive approach.

Scientific analysis enables Management to manage effectively. Interactive exchange of risk information is crucial. This includes all role players with a focus on our residents.

Take care until next month.



***Johan du Plessis***
***Deputy Chairperson***



# OMGEWINGSAKE

***ONGEWENSTE STRUIK***

Haasoortjies of "Bunny Ears"

*(Opuntia microdasys)*

Voorkom dat hierdie kaktus in Kokanje versprei.



***Die kaktus met sy klossies kort, geel dorinkies op die blaaie***

Hierdie kaktusspesie het hoofsaaklik vanuit die Amerikas as sierplante hul weg na Suid-Afrika gevind.

Die haasoortjies (Bunny Ears ) is volgens die nuwe NEMBA (National Environmental Management and Biodiversity Act), wetgewing nr 10 van 2004, as 'n kategorie 1b onkruid verklaar. Hiervolgens, mag dit nie langer aangeplant, versprei of vermenigvuldig word nie. Bestaande plante moet, volgens wet, onder 'n streng beheerprogram bestuur word.

Dit is in staat om ongerepte veld in te neem en kan natuurlike plantareas besmet en verander, dan is dit baie moeilik om uit te roei.

Hierdie plant kan maklik versprei word deur saad (voëls, water, mense en voertuie), asook vegetatiewe reproduksie.

Daar is reeds in Kokanje van hierdie plante opgemerk, veral in nuwe waterbesparende tuine. Ons sal dit waardeer indien u die plant wortel en tak kan verwyder en vernietig. Moet asseblief nie by die tuinvullis stort nie en ook nie laat gebruik vir komposproduksie nie.

**Marinda van der Westhuizen**




***Have a chuckle...***

What do you call a row of rabbits hopping away?

A receding hare line.



# JUKSKEIKLUB

### UITNODIGINGSBYEENKOMS—DIE OOG AFTREEOORD

Mettertyd het die *Voorslag Jukskeiklub* meer bekend geword as die *Kokanje Jukskeiklub* omdat dit maar die manier was hoe daar na ons verwys is. Gedurende ‘n Algemene Jaarvergadering in 2016 is daar besluit dat die “...klub bekend sal staan as die Kokanje Jukskeiklub”. Daar is dan ook ’n bord by die jukskeiklub aangebring wat die naam Kokanje Jukskeiklub vertoon.

So is Kokanje Jukskeiklub dan ook op 27 Maart 2021 genooi na ’n byeenkoms van plaaslike jukskeiklubs by Die Oog Aftreeoord. Deelnemende spanne was Die Oog, Naboomspruit, Shammah, Kranspoort en Negester. Kokanje het 4 spanne ingeskryf en hoewel ons nou nie groot pryse gewen het nie, was die dag vol opwinding en kompetisie. Ons het geëindig met sowat 10 punte minder as die wenspan op die telbord.

Kokanje Jukskeiklub is in die skuld by ons medeklubs. Met die virus wat ons byeenkomsgetalle en almanakke teister sal ons iets moet inpas voor die einde van 2021. Ons soek egter nuwe lede wat wil kom speel sodat ons beter kan kompeteer met die klubs om ons. Daag net spontaan op by die Jukskeibane op die volgende oefentye en ons akkommodeer jou!

Oefentye: Dinsdae en Donderdae 14:15 tot 16:45.

***Pieter Matthyser***





# TUINBOUKLUB

Op Maandag 25 Mei 2021 om 15:00 het ‘n herlewingsvergadering van die Tuinbouklub plaasgevind. ‘n Bromelia uitstalling en praatjie deur Rènette Hill, het die vergadering ingekleur. Pragtige plante was ook te koop.

Die nuwe bestuur vir 2021 is ook verkies.

**Voorsitters:**

Jan Botha en Dawie du Preez

**Tesourier/Sekretaresse:**

Annalise Delport

**Addisionele lede:**

Chris Brits, Rènette Hill, Magriet van Zyl,
Miggie v d Walt, Elsa van Zyl,
Bessie van Heerden en Rehette Beukes.

Interessante uitstappies, praatjies en demonstrasies word vir die volgende jaar beplan.

Die bestuur vergader Donderdag, 3 Junie 2021, om beplanning vir die jaar te doen.

Die uitgaande voorsitter, Douw van Wyk, is bedank vir sy insette en leiding.

Na heerlike verversings, verskaf deur Marie du Preez en Hester Botha, het die vegadering verdaag.

***Dawie du Preez***



# BRANDBESTRYDING

***BLY KALM: "OUTTHINK THE FIRE"***

**Blus kleiner brande, indien moontlik:**

- Met 'n poeierbrandblusser, of
- deur die brandende voorwerp te verwyder, of
- deur die brandende voorwerp met 'n nat kombers toe te maak.

**Skakel die elektrisiteit af**

**Ontruim die woning onmiddellik**

| | | |
|---|---|---|
| **Bel:** | Frans van Effrink | 082 322 0646 |
| | Marius Badenhorst | 082 880 8974 |

**Brandfasiliteite**

- Brandbestryding is 'n wetlike vereiste. Kokanje het nie 'n brandbestrydingsbeleid nie.
- Kokanje maak gebruik van 'n kontrakteur om ons toerusting jaarliks te diens en te sertifiseer sodat ons aan die wetlike vereistes voldoen.
- Verouderde en verweerde brandslange word vervang soos nodig.
- 'n Lys van bestaande toerusting word bygehou.
- Die versekeraar van Kokanje vereis dat die brandrisiko jaarliks opgestel word.
- Modimolle munisipaliteit beskik oor 'n Brandweerdiens en Kokanje is 'n lid van "Working on Fire".
- Kokanje beskik oor 'n "brandbestrydingsleepwa".
- Die verantwoordelike beampte van die Brandweer reik jaarliks 'n sertifikaat vir die gebruik van vloeibare gastoerusting uit.
- Kokanje beskik oor hoëdruk brandkrane in elke straat vir effektiewe brandbestryding.
- Brandslange van 60 meter word in Geel staalkaste by elke brandkraan gestoor.
- Brandslange van 30 meter is by sommige huise beskikbaar.
- Brandblussers is geredelik beskikbaar in die oord.
- Bestuurspersoneel het spesifieke operasionele prosedures om te volg indien 'n brand uitbreek.

Jean du Plessis

***GOEIE HUISHOUDING EN VEILIGE GEWOONTES VERMINDER BRANDGEVAAR***

---


# ARTIKELSKRYWERS VAN HIERDIE UITGAWE



Violis - Voorblad
***Amanda Olivier***



Lizelle se biografie
***Jeannette Pienaar***




Redaksioneel
***Fanie Pretorius***



Brandbestryding
***Jean du Plessis***



Tuinbouklub
***Dawie du Preez***



Jukskeiklub
***Pieter Matthyser***



Covid-Isolasie
***Patricia Snyders***



Pitkos
***Gielie Combrink***



Omgewingsake
***Marinda van der Westhuizen***



Covid Entstof
***Alta van Dyk***

***VRYWARING***

Menings is rubriekskrywers en adverteerders se eie en weerspieël nie noodwendig dié van KOLLIG of Kokanje nie. Kopiereg van artikels en rubrieke berus by die skrywer. Kollig redaksie behou die reg om artikels en rubrieke te verkort, taal te versorg en vir plasing te keur, sonder om die strekking van die inhoud te verander.

***DISCLAIMER***

Opinions are columnists and advertisers' own and do not necessarily reflect those of KOLLIG or Kokanje. Copyright of articles and columns rests with the author. KOLLIG editorial retains the right to shorten articles and columns, take care of language and approve for placement, without changing content creation.